# Die impak van kritiek op die samestelling van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT)*

Willem Botha, *Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Stellenbosch en Departement van Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, Republiek van Suid-Afrika (wfb@sun.ac.za)*

**Opsomming:** Die WAT se sensitiwiteit vir kritiek blyk duidelik uit die feit dat geeneen van die hoofpunte van kritiek ten opsigte van die eerste ag dele in die kritiek op dele IX en X herhaal word nie. Ensiklopediese behandeling van leksikale items, die ingewikkeldheid of onverstaanbaarheid van betekenisverklarings, die ondeurdagte aanwending van voorbeeldmateriaal, stadige alfabetiese vordering en die afwesigheid van volledige uitspraakleiding figureer derhalwe nie in die kritiek op dele IX en X nie. Die artikel gee 'n oorsig van die hoofpunte van kritek op dele IX en X en bespreek hoe die WAT in daaropvolgende dele op die kritiek gereageer het. In gevalle waar daar nie op geldige kritiek ag geslaan is nie, of waar die kritiek nie met praktiese voorstelle gepaardgegaan het nie, word aanpassings aan die hand gedoen. Sodoende word die wisselwerking tussen leksikografiese teorie en praktyk 'n dinamiese proses.

**Sleutelwoorde:** HOOFPUNTE VAN KRITIEK, OMGANGSTAAL, VOLGORDE VAN SITATE, UITSPRAAKLEIDING, ONBEREIKBARE VERWYSINGS, MISLEIDENDE SINONIEMVERWYSINGS, WISSELWERKING TUSSEN LEKSIKOGRAFIESE TEORIE EN PRAKTYK

**Abstract: The Impact of Criticism on the Compilation of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT).** The WAT's sensitivity to criticism is evident from the fact that none of the main points of criticism against the first eight volumes is repeated in the criticism of volumes IX and X. Encyclopedic treatment of lexical items, complexity or incomprehensibility of meaning descriptions, ill-judged use of citations, slow alphabetic progress and the absence of full pronunciation guidance therefore do not feature in the criticism on volumes IX and X. The article gives an overview of the main points of criticism against the ninth and tenth volumes and discusses the way in which the WAT reacted to the criticism in subsequent volumes. In instances where valid critique was disregarded, or where the critique was not accompanied by practical solutions, adaptations are suggested. In this way, the interaction between lexicographic theory and practice becomes a dynamic process.

**Keywords:** MAIN POINTS OF CRITICISM, COLLOQUIAL LANGUAGE, ORDER OF CITATIONS, PRONUNCIATION GUIDANCE, REFERENCES THAT CANNOT BE REACHED, MIS-

* Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n hoofstuk uit 'n D.Litt.-proefskrif *Die impak van die leksikografieteorie op die samestelling van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, wat in April 2004 deur die Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch aanvaar is.

LEADING SYNONYM REFERENCES, INTERACTION BETWEEN LEXICOGRAPHIC THEORY AND PRACTICE.

## 1. Inleiding

Die besware wat in die kritiek op die eerste ag dele van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* uitgespreek is, het 'n beslissende impak op die samestelling van die nuwe-generasie-WAT-dele gehad. Dit blyk daaruit dat geeneen van die kernbesware ten opsigte van die eerste dele in die kritiek op dele IX en X herhaal word nie. Ensiklopedisiteit, die ingewikkeldheid of onverstaanbaarheid van betekenisverklarings, die ondeurdagte aanwending van voorbeeldmateriaal, stadige alfabetiese vordering en die afwesigheid van volledige uitspraakleiding figureer derhalwe nie in die kritiek op dele IX en X nie. Die heftigheid wat die kritiek op die eerste ag dele gekenmerk het, is afwesig in die kritiek wat op dele IX en X uitgespreek word. In die identifisering van die kernbesware is daar derhalwe gekonsentreer op gevalle waar dieselfde besware deur meer as een kritikus ten opsigte van 'n bepaalde deel uitgespreek is en punte van kritiek wat op albei dele betrekking het.

## 2. Kernbesware uitgespreek in die kritiek op Dele IX en X en die impak daarvan op die samestelling van Dele X en XI

### 2.1 Gebrekkige opname van items uit die omgangstaal

Die beswaar is teen Deel IX ingebring dat die omgangstaal nie genoegsaam in die makrostruktuur weerspieël word nie. Die kritiek het veral betrekking op Engelse leenwoorde met 'n hoë gebruiksfrekwensie wat nie opgeneem is nie. Kritici het die tekortkoming daaraan gewyt dat die WAT se materiaalversameling nie verteenwoordigend genoeg is nie (vgl. Feinauer 1996: 236-238 en Gouws 1994). Volgens Feinauer sou die volgende leksikale items onder andere in Deel IX opgeneem kon word met die etiket (*geselstaal*): *lover, lift, looks, lagoon, lawn, lawnmower, lumberjacket* en *landlord,* asook meerwoordige leksikale items soos *love en charity* en *likes en dislikes*.

Die oorsaak van die onbevredigende opname van omgangswoorde, veral uit Engels, was inderdaad, soos die kritici beweer het, 'n onverteenwoordigende materiaalversameling ten opsigte van die omgangstaal. Die Buro het 'n daadwerklike poging aangewend om die probleem te bowe te kom deur verskeie inisiatiewe om die elektroniese gedeelte van die WAT-materiaalversameling te vergroot (Van Schalkwyk 2002) en ook deur redakteurs toe te laat om op eie inisiatief omgangstaalvorme op te neem. Die belangrikste ontwikkeling was egter toe redakteurs vanaf die samestelling van Deel XI via die internet elektroniese toegang tot die argiewe van Nasionale Pers verkry het. Dit het redakteurs in staat gestel om gebrekkige voorbeeldmateriaal aan te vul, en ook om

hul vermoedens oor die bestaan of die gebruiklikheid van 'n bepaalde omgangstaalvorm in Afrikaans te kontroleer met die oog op opname in die WAT. Die beskikbaarheid van die baie groot bykomende bron van elektroniese materiaal lê egter ook 'n verantwoordelikheid op die redakteurs en doen 'n beroep op hul intuïtiewe taalaanvoeling om te weet wanneer om die argiewe te raadpleeg.

Engelse leenvertalings en verafrikaanste spelvorme blyk wel goed in WAT XI verteenwoordig te wees, byvoorbeeld *naais* (naas *nice*), *newwermaaind*, *newwer-newwer* (op die *newwer-newwer*), *nip, nippel, oukei, ouky, opdollie, opdres, opdress, opfieks, opjack, opjazz, opjêk, oplyn, opsent* (verouderend), *optjek, optof, optop, olraait, ôraait, orraait, ouvers, overs*. In die vierde uitgawe van die HAT word leenwoorde en verafrikaanste vorme opgeneem wat in die spreektaal "van 'n groot groep sprekers van die standaardvariëteit van Afrikaans" voorkom (Odendal en Gouws 2000: v). Van die 24 lukraak aangehaalde voorbeelde uit die WAT XI kom vyf, nl. *nippel, oukei, opdollie, opsent* en *orraait* ook in die HAT voor. Die WAT en die HAT verteenwoordig tipologies uiteenlopende woordeboeke. As omvattende woordeboek moet die WAT probeer om die totale woordeskat van Afrikaans te weerspieël, terwyl dit van 'n handwoordeboek verwag word om veral die standaardtaalwoordeskat op te neem. Die HAT het egter op vernuwende wyse die taak aanvaar om ook die spreektaal van standaardtaalsprekers te weerspieël. Vanweë sy kleiner omvang kan hy dit nooit op die skaal van 'n omvattende woordeboek soos die WAT onderneem nie, wat die groot verskil in die getal opnames hierbo verklaar. Terselfdertyd wil dit tog uit die lukraak raakgeblaaide voorbeelde hierbo voorkom of die WAT waarskynlik besig is om sy groter opdrag, in vergelyking met 'n standaardwoordeboek, na te kom.

Vanaf Deel IX na Deel XI was daar 'n beduidende toename in die opname van Engelse leenvertalings en verafrikaanste spelvorms. 'n Elektroniese soektog is uitgevoer na lemmas waarby die frase "*n.d. Eng*." in 'n etiket voorkom en uit die resultaat is daardie voorbeelde geïdentifiseer wat as leenvertalings of verafrikaanste spelwyses kwalifiseer. Met hierdie soektog word geen aanspraak op akkuraatheid gemaak nie, maar wil daar slegs op 'n beduidende tendens gewys word. In die onderskeie dele is ongeveer 25, 50 en 90 voorbeelde van leenvertalings en verafrikaanste spelvorms gevind. Dit verteenwoordig onderskeidelik 0,37%, 0,53% en 0,80% van die lemmas in Dele IX, X en XI. Die stygende tendens in die opname van Omgangsafrikaans in die WAT blyk ook uit 'n vergelyking met die lys van Omgangsafrikaans wat agter in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van 2002 opgeneem is. In die AWS se lys van Omgangsafrikaans is 15 items onder L opgeneem waarvan net vier in die WAT is, terwyl daar 29 items deur die AWS onder O opgeneem is waarvan 22 in die WAT verskyn.

In die kritiek op die gebrekkige opname van Omgangsafrikaans is daar pertinent melding gemaak van die min frekwentgebruikte Engelse leenwoorde wat in Deel IX opgeneem is. Suiwer Engelse leenwoorde uit Omgangsafrikaans

kom egter steeds baie min in die WAT voor. In Deel XI is deur middel van 'n elektroniese soektog slegs vier opgespoor, nl. *nice*, *nonstop, off-beat* en *offer* (bet. I 4); in Deel IX slegs drie, nl. *lady, ladybird* en *lord,* en in Deel X vyf, nl. *madam, miss, mister, mod* en *movie* wat almal as (*geselstaal*) en (*Eng*.) geëtiketteer is.

Die opname van Engelse leenwoorde in 'n omvattende verklarende woordeboek soos die WAT wat oor verskeie dekades saamgestel word, is meer problematies as in die geval van 'n handwoordeboek wat ongeveer elke tien jaar hersien kan word. Dit is vir die leksikograaf moeilik om te voorspel of 'n Engelse leenwoord werklik in die spreektaal gevestig sal raak en of dit, soos in so baie gevalle gebeur, redelik gou in onbruik gaan raak. Die oordeelsfout van die opsteller van 'n omvattende woordeboek bly hom letterlik lewenslank by, terwyl die samesteller van 'n handwoordeboek sy fout waarskynlik binne tien jaar sal kan regstel. Die maker van 'n handwoordeboek het nie noodwendig 'n maklike taak in hierdie verband nie, maar slegs 'n minder moeilike een. Konsekwentheid ten opsigte van opname is steeds moeilik haalbaar soos blyk uit die feit dat *stunning* wel, maar *amazing*, *awesome* en *fabulous* nie in die vierde uitgawe van die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* opgeneem is nie.

Die suinige opname van Engelse leenwoorde uit die omgangstaal moet aan die geldende opnamebeleid eerder as 'n ontoereikende materiaalversameling toegeskryf word. Indien 'n Engelse leenwoord 'n verafrikaanste teenhanger het wat meer gebruiklik of ewe gebruiklik as die leenwoord is (byvoorbeeld *newwermaaind*), neem die WAT tans slegs die verafrikaanste vorm op. Indien die Engelse leenwoord meer gebruiklik is en baie sterk in die omgangstaal gevestig is, word albei vorme opgeneem (byvoorbeeld *nice* en *naais*). In die bepaling van die frekwensie word hoofsaaklik op geskrewe bronne (in elektroniese of gedrukte vorm) en in 'n mindere mate op die redakteurs se intuïsie en parate taalkennis staatgemaak (Lombard 2002). Derhalwe is *newwermaaind* opgeneem, maar nie *never mind* nie, teenoor *nice* en *naais* wat albei opgeneem is. Engelse leenwoorde sonder 'n verafrikaanste teenhanger word slegs opgeneem in gevalle waar daar 'n baie hoë gebruiksfrekwensie is en daar geen twyfel oor die gevestigdheid in die omgangswoordeskat bestaan nie.

Daar is hierbo opgemerk dat die beskikbaarheid van die Naspers Argiewe 'n verantwoordelikheid op die redakteurs plaas en 'n beroep op hul intuïtiewe taalaanvoeling doen om te weet wanneer om die argiewe te raadpleeg. Die redaksie sal waarskynlik daarby baat as hulle voorafbeplanning doen vir die opname van Engelse leenwoorde, aangesien dit andersins onwaarskynlik is dat redakteurs bloot op intuïsie konsekwent die Naspers Argiewe sal raadpleeg om hul vermoedens omtrent die frekwensie van 'n leenwoord, wat nie in die WAT-korpus opgeneem is nie en wat hulle op eie inisiatief oorweeg vir opname, te kontroleer. Daar kan op 'n baie eenvoudige basis begin word deur 'n omgangstaallys op 'n sentrale plek te hou waarop redaksielede omgangstaalwoorde kan aanteken wat in gesprekke en elders gehoor word. Dit sou 'n eerste stap wees in die optekening van ten minste die standaardtaalspreker se om-

gangstaal. Die AWS se lys van Omgangsafrikaans kan ook betrek word. Voordat daar aan 'n bepaalde letter van die alfabet begin word, kan die aangetekende items bespreek word en aanpassings gemaak word. Daarná kan die redakteurs die items in die materiaalversameling en die Naspers Argiewe kontroleer soos hulle alfabeties vorder. Mettertyd kan daar dan uit hierdie prosedure 'n opnamebeleid kristalliseer waardeur Engelse leenwoorde in 'n ruimer mate op 'n verantwoordbare wyse opgeneem word.

### 2.2 Ontoereikendheid van die *Toeligting*

Hoewel groot lof uitgespreek is ten opsigte van die *Toeligting*, was daar ook heelwat voorstelle ter verbetering daarvan. In bykans alle gevalle is daar gehoor gegee aan die voorstelle van kritici.

Na aanleiding van kritiek dat die *Toeligting* van Deel IX geen inligting gee oor die stelsel waarvolgens verskillende betekenisonderskeidings georden word nie (vgl. Feinauer 1996: 267), is aanpassings in Deel XI gemaak. In die *Toeligting* van Deel XI (p. xx) word uiteengesit dat 'n empiriese metode van rangskikking gebruik word. Daarvolgens word die betekenisonderskeidings wat ten tyde van die samestelling van die woordeboek volgens die oordeel van die samestellers die gebruiklikste is, eerste aangebied, en die mins gebruiklike betekenisonderskeiding laaste.

Kritici het ook daarop gewys dat 'n lys van registeretikette verstrek word, maar dat geen aanduiding van elkeen se bestek gegee word sodat onderskei kan word tussen woorde wat gemerk word as skeltaal, vloek, plat en vulgêr nie (vgl. Gouws 1996). In Deel XI is gehoor gegee aan die versoek vir gebruiksleiding by registeretikette en word daar in afdeling 2.6.1 van die *Toeligting* uiteengesit in watter gevalle elke etiket toegeken word.

Aanbevelings van kritici (vgl. Gouws 1999) het ook tot aanvullings ten opsigte van die afdeling oor verwysings in die *Toeligting* van Deel XI gelei. Ten opsigte van homoniemnommers word onder 2.3 *Die lemma en sy vorm* genoem dat verwysings na homonieme in ouer dele volgens die nuwe stelsel aangebied word waarvolgens die homoniemnommer die lemmateken voorafgaan en nie daarop volg soos in die ouer dele nie. Daar word vanaf Deel XI onder die afdeling Verwysings ook uitvoering gegee aan 'n voorstel dat melding gemaak word van verwysings vanuit die sentrale woordelys na die *Toeligting* in die geval van rassistiese items wat die sentrale woordelys en die voortekste verbind.

Die *Toeligting* is ook aangevul ten einde helderheid te probeer verskaf oor bepaalde onduidelikhede by kritici. Kritici (vgl. Gouws 1994) het aangetoon dat die relatief min sitate teenoor die getal poëme by gewone woorde uit die spreek- en skryftaal vir hulle daarop dui dat die woorde nie so goed in die materiaalversameling verteenwoordig is nie. Vanaf Deel XI word in die *Toeligting* verklaar dat poëme redaksioneel saamgestelde voorbeeldmateriaal is wat

meestal op werklike sitate gebaseer is. Die sitate waarop die poëme gebaseer is, is gewoonlik om 'n verskeidenheid redes nie geskik om direk aangehaal te word nie, byvoorbeeld omdat 'n volledige bronverwysing ontbreek, of omdat die sitaat onnodig lank is en moeilik verkort kan word met behoud van die verstaanbaarheid daarvan. Dit kan ook 'n poging tot ruimtebesparing wees waar byvoorbeeld verskeie grammatikale vorme geïllustreer moet word. Hierdie opset is veral van toepassing op die hantering van gewone woorde uit die spreektaal. In die geval van nuwer omgangstaalvorme in WAT IX en WAT X kan die gebruik van poëme egter op 'n gebrekkige materiaalversameling dui aangesien daar wel leemtes in dié verband bestaan het wat grootliks opgelos is toe redakteurs met die samestelling van Deel XI elektroniese toegang tot die argiewe van Nasionale Pers verkry het.

### 2.3 Onduidelik geordende en onverteenwoordigende sitaataangawe

Resensente (vgl. Feinauer 1996: 256) wys daarop dat dit in Deel IX, soos in Deel VIII, steeds nie duidelik is volgens watter maatstaf sitate georden word nie. Sommige resensente staan 'n chronologiese ordening van sitate voor terwyl ander daarop wys dat die jaartalverspreiding van sitate soms nie verteenwoordigend van 'n item se werklike gebruik is nie (vgl. Feinauer 1996 en Gouws 1994).

Die WAT het hierop gereageer deur in die *Toeligting* van Deel XI (p. xx) te verduidelik dat voorbeeldmateriaal in dieselfde volgorde aangegee word as die betekeniselemente in definisies. Elke betekeniselement word egter nie noodwendig met voorbeeldmateriaal toegelig nie.

Indien die volgorde van sitate in die artikels van die negende en tiende dele nagegaan word, sal egter opgelet word dat die sitate dikwels die grammatiese inligting ten opsigte van die lemma illustreer in die volgorde waarin dit aangegee is. By selfstandige naamwoorde weerspieël die lemma, op enkele uitsonderings na, die enkelvoudsvorm en in die gleuf vir grammatiese gegewens word eers die meervoudsvorm en daarna die verkleinwoordsvorm verstrek. Dit kom duidelik na vore in die sitaatordening van die artikels van onder andere *lens* en *model*.

In 'n poging om die stelsel van sitaatordening in die *Toeligting* te verduidelik is dus nagelaat om te meld dat twéé faktore, nl. die volgorde van betekeniselemente in die definiens en die volgorde waarin die grammatiese gegewens aangegee word, medebepalend is vir die sitaatvolgorde. Die redaksionele stelsel laat heelwat vryheid in hierdie verband toe en redakteurs oordeel per geval watter volgorde die grootste illustratiewe waarde ten opsigte van die definiendum sal hê, en rangkskik die sitate dan dienooreenkomstig. Die sitaatordening in die WAT dien derhalwe tot versterking van óf die wisselwerking tussen die sitate en die definiens, óf ter versterking van die wisselwerking tussen die sitate en die grammatiese gegewens. Vir 'n bespreking van die wisselwerking of

ondersteuning tussen die sitaatmateriaal en ander inligtingstipes kan Rademeyer (1993) en Lombard (1992) geraadpleeg word, alhoewel hulle nie uitsprake maak oor die ordening van sitate nie. Gouws (1991: 275) verwys na die eis van kohesie binne 'n woordeboekartikel.

Ten einde duidelikheid oor die sitaatordening in die WAT te verskaf, behoort die onvolledige uiteensetting in die *Toeligting* in die volgende deel reggestel te word.

Soos reeds genoem, bepleit sommige resensente 'n chronologiese ordening van sitate in die WAT. Hieroor kan opgemerk word dat 'n chronologiese ordening van sitate 'n duidelik herkenbare ordening is en 'n oorsigtelike beeld van die jaartalverspreiding gee, maar geen besondere bydrae lewer tot die sitate se illustrasie van die betekeniselemente in die definiens of die grammatiese inligting nie. In 'n sinchroniese woordeboek het 'n chronologiese sitaatordening nie dieselfde waarde as in 'n historiese woordeboek waar die eerste sitaat ook die oudste opgetekende gebruiksgeval van 'n bepaalde leksikale item veronderstel nie.

Die kritiek dat die jaartalverspreiding van sitate soms nie verteenwoordigend is nie, dui waarskynlik op 'n chronologies onverteenwoordigende materiaalversameling ten opsigte van bepaalde leksikale items. Dit is opvallend dat daar by sommige lemmas slegs sitate uit die sestiger- en sewentigerjare aangegee word. Die toegang wat redakteurs vanaf die samestelling van Deel XI tot al hoe meer elektroniese materiaal, veral die argiewe van Nasionale Pers het, behoort hierdie reeds te lank voortdurende probleem grootliks op te los.

### 2.4 Foutiewe en onvoldoende uitspraakaanduiding

In Deel IX kom letteruitspraak dikwels voor (Feinauer 1996: 353 en Gouws 1994), veral by samestellings of samestellende afleidings waar die geskrewe verdubbeling van konsonante in die transkripsie herhaal word. Die redaksie het hierop gereageer deur geminasie vanaf Deel X soos volg aan te dui: [la(x)'xas].

In gevalle van glyerinvoeging word slegs 'n [h] as glyer ingevoeg, terwyl die [h] soms ook met 'n [j] of met 'n [w] vervang kan word (Feinauer 1996: 254). Die redaksie het besluit om hom in beginsel by glyerinvoeging tot die [h] te beperk, veral vanweë die uitdying van permutasies wat by die uitspraakaanduiding ontstaan. Dié besluit word in die lig van die kritiek in die *Toeligting* van Deel XII verantwoord.

Resensente spreek verder die hoop uit dat volgende dele van die WAT ook sillabeverdeling sal bevat (Feinauer 1996: 255 en Gouws 1994). Daar is oor dekades in feitlik elke deel van die WAT meer uitspraakinligting as in die vorige deel gegee. Die redaksie moet ernstig oorweging daaraan skenk om ook dié een vorm van uitspraakinligting wat nog uitstaande is, nl. sillabeverdeling, in die volgende deel van die WAT aan te bied.

## 3. Geldige kritiek waarop ag geslaan behoort te word

### 3.1 Inleiding

Desnieteenstaande die aansienlike impak van kritiek op die samestelling van die tiende en elfde dele van die WAT is daar enkele voorstelle van verdienstelike praktiese waarde gemaak waarop nie gereageer is nie en daar sal voorts op die uitvoerbaarheid van hierdie voorstelle gefokus word. Daar sal ook aanpassings voorgestel word waar die kritiek nie met praktiese voorstelle gepaardgegaan het nie.

### 3.2 Verwysings wat nie opgevolg kan word nie

Optimale gebruikersvriendelikheid was een van die hoofdoelwitte met die ontwerp van die "nuwe" WAT. Die gebruikersvriendelikheid van die WAT word egter benadeel deur bepaalde gevalle van verwysing wat nie deur die gebruiker opgevolg kan word nie. In sommige gevalle is dit te wyte aan 'n inherente verskynsel kenmerkend van 'n omvattende woordeboek wat deelsgewys verskyn en in ander gevalle kan dit toegeskryf word aan die implementering van die nuwe redaksionele stelsel vanaf Deel IX.

#### 3.2.1 Verwysings na dele wat nog moet verskyn

##### 3.2.1.1 Verwysings na verbandhoudende inskrywings

Verwysingsinskrywings ingelei deur die verwysingsmerker *Vgl.* vestig die aandag op verbandhoudende inskrywings in 'n ander artikel waar addisionele taalkundige inligting, byvoorbeeld sterk semantiese ooreenstemming, gevind kan word. Wanneer die gebruiker na leksikale items verwys word wat in dele hanteer sal word wat nog moet verskyn, kan die verwysing egter nie opgevolg word nie. Gouws (1999: 22-23) verwys byvoorbeeld na die onopvolgbare verwysingsinskrywing wat by *mutimoord* aangetref word, nl.: Vgl. RITUELE MOORD (RITUEEL, uitdr.). Hy stel voor dat dit oorweeg kan word om in sulke gevalle met 'n strukturele merker aan te dui dat 'n bepaalde verwysingsadres nie bereik kan word nie.

Hierdie voorstel sou met die minimum ontwrigting toegepas kon word op onopvolgbare verwysings na verbandhoudende inskrywings. Die enigste nadeel verbonde aan die hanteringswyse is dat wanneer die betrokke deel wat die verbandhoudende inskrywing bevat, wel verskyn het, die verwysing met die ingeboude waarskuwing betekenisloos word.

##### 3.2.1.2 Sinoniemverwysings

Vir die opstellers van 'n meerdelige woordeboek bied sinoniemdefinisies aan-

sienlik meer probleme as vir die opstellers van 'n eendelige woordeboek. Dit geld veral gevalle waar kruisverwysing na 'n lemma plaasvind wat nog in 'n volgende deel verklaar moet word. In Deel X van die WAT word *meervrouig* byvoorbeeld na *poligenies* verwys. Gebruikers moet dus tot die verskyning van Deel XII wag om die verwysing na *poligenies,* waar die definisie verskyn, te kan opvolg.

Gouws maak twee voorstelle vir die hantering van hierdie tipiese probleem van meerdelige omvattende verklarende woordeboeke. Reeds in sy resensie van Deel VII stel hy (Gouws 1985: 18) voor dat die WAT-redaksie dit miskien kan oorweeg om die definisie in sulke gevalle maar by die sinoniem wat alfabeties eerste kom te plaas om die gebruiker te help. Gouws (1989: 149) haal Burnett (1979: 23) in dié verband aan: "the scholarly community in general prefers published imperfection to unpublished perfection" en maak ook 'n verdere praktiese voorstel. Hy doen naamlik aan die hand dat waar die minder gebruiklike lemma die verklaring moet kry omdat die meer gebruiklike sinoniem in 'n volgende deel val, die meer gebruiklike vermeld moet word met 'n gepaardgaande aanduiding dat dit 'n hoër frekwensie het as die onderhawige lemma. Feinauer (1993: 296) noem ook dat sinoniemverwysing onvermydelik probleme oplewer in 'n meerdelige woordeboek soos die WAT, maar stel nie alternatiewe hanteringswyses voor nie.

In sinchroniese woordeboeke soos die WAT speel gebruiksfrekwensie 'n beslissende rol in alle besluite oor die redaksionele hanteringswyse van 'n leksikale item. In die WAT geld dit veral die lemma waaronder die definisie geplaas word en die ordening van betekenisonderskeidings. Voorts streef die WAT met sy nuwe redaksionele stelsel na eenvoud, 'n eenvormige werkswyse en 'n helder oordrag van taalkundige inligting. Ten einde aan hierdie basiese beginsels vir die samestelling van die WAT getrou te bly, lyk dit na die aanvaarbaarste opsie om nie een van Gouws se twee bogenoemde voorstelle te implementeer nie, maar wel sy voorstel ten opsigte van onopvolgbare verbandhoudende verwysings ook hier te oorweeg. Hiervolgens word met 'n strukturele merker aangedui dat 'n bepaalde verwysingsadres nie bereik kan word nie, in plaas daarvan dat met 'n bykomende merker aangedui word dat 'n vermelde sinoniem 'n hoër gebruiksfrekwensie as die onderhawige lemma het.

Die verwysing sou steeds nie opgevolg kan word nie, maar die gebruiker sou ten minste weet wat die ratio agter sodanige onopvolgbare verwysing is. Dit sou ook beteken dat daar op eenvormige wyse in die woordeboek aangedui word dat 'n verwysingsadres nie bereik kan word nie. Te veel strukturele merkers verwar gebruikers en navrae aan die Buro het getoon dat selfs gesofistikeerde gebruikers nie duidelikheid het oor gevestigde strukturele merkers in die WAT nie, soos byvoorbeeld die skeidingsteken "≈" wat by die voorbeeldmateriaal die kollokasies en poëme van die sitate skei.

Niks kan egter gedoen word om gebruikers te waarsku teen verwysings uit vroeër dele na niebestaande adresse in die nuwe-generasie-dele nie.

In die *Toeligting* kan onder Verwysings uiteengesit word dat enige verwy-

singsadres met 'n strukturele merker, byvoorbeeld "*", beteken dat die adres nie bereik kan word nie. Al die sodanig gemerkte adresserings na dele wat nog moet verskyn, is egter slegs geldig tot die verskyning van die betrokke deel waarna verwys word. Op grond van hierdie swakheid, lyk die uiteengesette hanteringswyse, ten spyte van noue aansluiting by die beginsels van eenvoud, eenvormigheid en voorkeur aan gebruiksfrekwensie, nie ideaal nie.

#### 3.2.1.3 Wisselvormverwysings

Dit word gewoonlik misgekyk dat die probleem van onopvolgbare verwysings in meerdelige omvattende woordeboeke homself ook manifesteer by wisselvormverwysings. In Deel V van die WAT word *kambuis* verwys na *kombuis* wat eers in Deel VII gelemmatiseer is. Soortgelyke voorbeelde is *kambers* en *kombers,* en *fonkel* (verouderd) en *vonkel*. Die verskynsel sal veral ter sprake kom by letters soos S en V wat, soos K, meer as een deel sal beslaan. Soos by ander verwysings na dele wat nog moet verskyn, sou by wisselvormverwysings ook per struktuurmerker aangedui kon word dat die adres nie bereikbaar is nie. Dieselfde nadele as wat hierbo uitgestippel is, is egter ook hier van toepassing.

### 3.2.2 Verwysings na reeds verskene dele

Vanaf Deel IX word verwysings uit vorige dele wat nie meer die taalwerklikheid weerspieël nie, nie gehandhaaf nie. Verwysings vanaf nuwe-generasiedele na die ouer dele weerspieël ook die taalwerklikheid van die nuwer dele, selfs as dit meebring dat die gebruiker na 'n niebestaande adres verwys word. Dié verbreking in kontinuïteit is veral sigbaar by sinoniem- en wisselvormverwysings en by Vgl.-gevalle, maar ook by sinoniem-, antoniem- en wisselvormvermelding.

Soms word die gebruiker na 'n niebestaande adres in 'n vorige deel verwys. Dit kom voor wanneer die lemma of betekenisonderskeiding waarna verwys word, nog nie bestaan het toe die vorige deel verskyn het nie, of bloot nie opgeneem is in die betrokke deel nie. So word daar in Deel IX by *loslopie* die volgende verwysing aangetref: Vgl. BYLOPIE. Deel I bevat egter nie die lemma *bylopie* nie en die gebruiker kan nie die adres bereik nie. In Deel X word die gebruiker onder andere by een van *muur* se betekenisonderskeidings en by *magnetofoon* deur middel van sinoniemverwysings na onderskeidelik *Berlynse muur* en *bandopnemer* verwys, wat nie een in Deel I opgeneem is nie, aangesien dié deel voor die oprigting van die muur én die uitvinding van die bandopnemer verskyn het. By *literatuurlys* in Deel IX word *bronnelys* as sinoniem vermeld, maar *bronnelys* is nie in Deel I opgeneem as lemma nie en by *luitenant* (bet. 3) word *adjudant* as sinoniem vermeld, maar in Deel I is daar nie sodanige betekenisonderskeiding by *adjudant* opgeneem nie.

In al bogenoemde gevalle sou per struktuurmerker aangedui kon word dat die verwysingsadres in 'n vorige deel nie bereik kan word nie, byvoor-

beeld: Vgl. BYLOPIE*; Bandopnemer*; Berlynse muur (BERLYNS, uitdr.)* en sin. *bronnelys**.

Gemerkte verwysings na reeds verskene dele het nie die nadeel van soortgelyke verwysings na toekomstige dele nie, wat slegs geldig is tot met die verskyning van die betrokke deel van die WAT.

In sommige gevalle kan die adres wel bereik word, maar vind 'n onbevredigende oordrag van inligting plaas. In Deel III word die gebruiker by *geboortemerk* na die sinoniem *moedervlek* verwys. Die gebruiker verwag dus om 'n definisie by *moedervlek* te kry met die vermelding van *geboortemerk* as sinoniem. By die samestelling van Deel X was die gebruiksfrekwensie van *geboortemerk* egter aansienlik hoër as dié van *moedervlek*. Op grond hiervan is *moedervlek* na *geboortemerk* verwys, sodat daar by geeneen van die lemmas 'n definisie verskyn nie, en die gebruiker in 'n sirkelgang gelei word. Dit is te betwyfel of daar in hierdie gevalle per struktuurmerker aangedui moet word dat die verwysing nie opgevolg kan word nie, aangesien die gebruiker na 'n lemma met 'n volledige bewerking, maar sonder 'n betekenisverklaring, verwys word. Die betrokke kategorie van onsuksesvolle opvolging van verwysings maak 'n eenvormige hantering problematies en noodsaak 'n meer pragmatiese oplossing.

### 3.2.3 Voorgestelde hanteringswyse van verwysingsadresse wat nie bereik kan word nie

#### 3.2.3.1 Verwysings na dele wat nog moet verskyn

Enige verwysing na 'n WAT-deel wat nog moet verskyn waarby aangedui word dat dit nie opgevolg kan word nie, het 'n beperkte tydperk van geldigheid. Dit geld Vgl.-gevalle, sinoniem- en wisselvormverwysings en sinoniem-, antoniem- en wisselvormvermeldings. Ná die verskyning van die nuwe deel skep die verwysing verkeerdelik die indruk by die gebruiker dat die verwysingsadres nie bereik kan word nie en verhoed derhalwe die suksesvolle oordrag van inligting.

Vir die gebruiker kom die grootste verlies aan inligting deur die tydelike onbereikbaarheid van verwysings voor by sinoniem- en wisselvormverwysing. Die gebruiker moet naamlik tydelik sonder 'n betekenisverklaring klaarkom. Indien 'n betekenisverklaring by 'n ongewone of verouderde sinoniem of wisselvorm, of by 'n streektaalvorm in plaas van 'n standaardtaalvorm verskaf word om vir die tydelike verlies te kompenseer, word die ordeningsfunksie van gebruiksfrekwensie by die samestelling van 'n sinchroniese woordeboek verydel. In die WAT bepaal gebruiksfrekwensie onder andere of 'n leksikale item opgeneem word, die lemma waar betekenisverklaring verskaf word, die ordening van betekenisonderskeidings, die ordening van 'n sinoniemparadigma en die ordening van homonieme in die makrostruktuur. Die gebruikers is gewoond daaraan om hulle in hulle soektogte op gebruiksfrekwensie as ordeningsbeginsel te verlaat.

Dit lyk derhalwe na gesonde leksikografiese praktyk om ten opsigte van verwysings na toekomstige WAT-dele die status quo te handhaaf en nie te probeer kompenseer deur byvoorbeeld per struktuurmerker aan te dui dat 'n verwysingsadres onbereikbaar is of deur 'n betekenisverklaring by 'n minder gebruiklike sinoniem of wisselvorm te verskaf nie.

By minder gebruiklike of verouderde sinonieme en wisselvorme wat na 'n meer gebruiklike lemma in 'n toekomstige deel verwys word, moet die beperkings op hul gebruik konsekwent per etiket aangedui word, byvoorbeeld (*minder gebruiklik*) of (*verouderd*). Sodoende weet die gebruiker dat gebruiksfrekwensie as ordeningsbeginsel toegepas word. Indien sinonieme of wisselvorme min of meer ewe gebruiklik is, behoort voorkeur gegee te word aan daardie item wat alfabeties eerste kom.

Dit moet ook in gedagte gehou word dat die taalwerklikheid dinamies is en dat adresserings tussen nuwe-generasie-dele in die toekoms ook onbereikbare status mag verkry. Hieroor het leksikograwe egter min beheer aangesien hulle slegs beperkte insigte in die toekomstige veranderinge in die taal het.

#### 3.2.3.2 Verwysings na reeds verskene dele

Ter wille van konsekwentheid is WAT-redakteurs oor dekades gedwing om 'n skewe voorstelling van die taalwerklikheid te perpetueer. Vanaf Deel IX is hulle nie meer gebonde aan verwysings uit vorige dele wat nie 'n getroue weergawe van die taalwerklikheid is nie. Verwysings na vorige dele weerspieël die taalwerklikheid tydens die samestelling van die nuwer deel, ongeag daarvan of dit in botsing verkeer met inligting in die vorige dele.

In Deel VII is *kontroversieel* van 'n definisie voorsien met *omstrede* as sinoniemvermelding. Die redaksie van Deel XI het egter die taalwerklikheid anders weerspieël deur by *omstrede* te herdefinieer en *kontroversieel* as sinoniem te vermeld.

In die strewe om die taalwerklikheid tydens samestelling weer te gee, word gebruikers soms na lemmas verwys wat nooit in 'n vorige deel opgeneem is nie, of waarby nie 'n betekenisverklaring verskaf is nie. Dit geld Vgl.-gevalle, sinoniem- en wisselvormverwysing en sinoniem-, antoniem- en wisselvormvermelding. So word *littérature engagée* na *betrokke letterkunde* (BETROKKE, uitdr.) verwys alhoewel *betrokke letterkunde* nie in Deel I opgeneem is nie. In Deel I is *geboortemerk* na *moedervlek* verwys, maar by die samestelling van Deel X was die gebruiksfrekwensie van *geboortemerk* aansienlik hoër as dié van *moedervlek*. Op grond hiervan is *moedervlek* na *geboortemerk* verwys, sodat daar by geeneen van die lemmas 'n definisie verskyn nie, en die gebruiker in 'n sirkelgang gelei word.

Dit lyk nie of dit op die kort of lang termyn in die belang van gebruikers is om doelbewus onbereikbare verwysings te skep ten einde die taalwerklikheid te reflekteer nie. 'n Minder meganiese, maar meer pragmatiese beleid ten opsigte van verwysings na reeds verskene dele kan gevolg word.

Dit kan in beginsel aanvaar word dat gebruikers nooit van die een sinoniem of wisselvorm na die ander verwys behoort te word, terwyl daar nie by een van die lemmas 'n betekenisverklaring verskaf word nie. Dit beteken noodwendig dat daar 'n betekenisverklaring by 'n minder gebruiklike of verouderde sinoniem of wisselvorm verskaf sal word. By die ongewone item *plakprent* moet die gebruiker byvoorbeeld na regte na die meer gebruiklike *collage* verwys word. *Collage* is egter nie in Deel I opgeneem nie en *plakprent* kan derhalwe soos volg hanteer word:

> **plakprent** … (*ongewoon*) Collage — prent wat saamgestel word deur stukkies van verskillende materiale, veral papier, op 'n oppervlak te plak.

Hierdie voorstel is reeds deur die redaksie aanvaar en sal in Deel XII toegepas word. By die uiteindelike herbewerking van die WAT sal die definisie dan in al hierdie gevalle telkens by die sinoniem met die hoogste gebruiksfrekwensie verstrek word.

Onbereikbare verwysingsinskrywings met *Vgl*. na reeds verskene dele kan gestaak word totdat daar met die uiteindelike herbewerking begin word na voltooiing van die WAT tot by Z.

### 3.3 Misleidende sinoniemverwysings

Sinoniemverwysinginsinskrywings bevat dikwels geen verwysingsmerkers en geen tipografiese of ander strukturele merkers nie, soos blyk uit die artikel van die lemma *melkriem*:

> **melkriem** … Koeiriem.

Gouws (1999: 10) wys daarop dat die sinoniemverwysing *koeiriem* deur die gebruiker wat nie bekend is met die inhoud van die *Toeligting* nie, as 'n beknopte definiens beskou kan word in plaas van 'n verwysingsadres.

Wanneer 'n polisemiese lemma betrokke is, word daar voorsiening gemaak vir betekenispresisering:

> **onsegbaar** … Onuitspreeklik (ONUITSPREEKLIK 1).

Gouws (1999: 25) stel voor dat bg. gevalle van sinoniemverwysingsinskrywings vereenvoudig word tot:

> **onsegbaar** … Onuitspreeklik 1.

Gouws se voorstel het wel 'n vereenvoudigde sinoniemverwysingsinskrywing tot gevolg, maar los nie die probleem van gevalle sonder 'n betekenispresise-

ring (soos *Koeiriem*) op, wat vir baie gebruikers nie as 'n verwysingsadres herkenbaar mag wees nie.

Dit kan oorweeg word om alle sinoniemverwysings in klein hoofletters weer te gee, byvoorbeeld:

**melkriem** … KOEIRIEM.

**onsegbaar** … ONUITSPREEKLIK 1.

Indien sinoniemverwysings in klein hoofletters aangegee word, skakel dit die moontlikheid uit dat gebruikers dit nie as 'n verwysing sal herken nie. Dit sal ook meebring dat verpligte verwysings, nl. sinoniem- en wisselvormverwysings, naastenby eenders hanteer word in die WAT.

### 3.4 Verwysingsverhouding tussen los- en vasgeskrewe idiomatiese uitdrukkings

Gouws (1999: 18) merk op dat waar leksikale items sowel los- as vasgeskryf kan word, die losgeskrewe variasie slegs vermeld en nie gelemmatiseer word nie, byvoorbeeld:

**mooipraatjies …** Ook soms *mooi praatjies*.

Aangesien die betrokke inskrywing geen verdere woordeboekraadpleging van die gebruiker kan inisieer nie, kan dit nie as deel van die mediostruktuur van die woordeboek beskou word nie. Hy beveel derhalwe aan dat dit nie in die *Toeligting* onder die verwysingstipes bespreek word nie.

By idiomatiese uitdrukkings soos *mooi praatjies* met 'n vaste teenhanger *mooipraatjies* word 'n volledige bewerking by elke variasie aangebied net soos in die geval van variasies van die kernkomponent of soekwoord van 'n idiomatiese uitdrukking, soos in die *Toeligting* onder **5 Verwysings** uiteengesit word.

Alhoewel die bogenoemde verwysing na *mooi praatjies* dus wel opgevolg kan word, is die verwarring rondom verwysing by vas- en losgeskrewe leksikale items wat hier na vore tree, waarskynlik die gevolg van 'n gebruikersonvriendelike verwysingstelsel. 'n Moontlike oplossing sou wees om gevalle soos *mooipraatjies* soos volg te hanteer:

**mooipraatjies** s.nw. Ook soms *mooi praatjies* (MOOI, uitdr.) Niksseggende, waardelose praatjies of verskonings, wat …

Die wysiging moet in die *Toeligting* onder 5.3 *Verwysingsmetode by los- en vasgeskrewe vorme* aangebring word en die hele uiteensetting oor los- en vasgeskrewe

vorme verder behou word sodat gebruikers 'n oorsigtelike beeld van los- en vasgeskrewe items kan verkry.

### 3.5 Spellingverskil tussen lemma-aangawe en voorbeeldmateriaal

Gouws (1996) wys daarop dat dit dikwels gebeur dat die optrede van die lemma in die voorbeeldmateriaal anders gespel word as die lemma-aangawe self. Die lemma-aangawe *minibustaxi* word sonder koppelteken geskryf, maar albei optredes van die lemma in die sitaat kry 'n koppelteken tussen die twee onmiddellike stukke.

Dit is opvallend dat in baie van die samestellings met *mini-*, byvoorbeeld *minidrag*, *miniduikboot* en *minigholf* die voorbeeldmateriaal ook, of slegs, 'n spelwyse met 'n koppelteken weergee, nl. *mini-drag*, *mini-duikboot* en *mini-gholf*. Die betrokke voorbeeldmateriaal is alles uit die sestiger- en sewentigerjare afkomstig en dui op 'n tendens in daardie tydperk om samestellings met *mini-* met 'n koppelteken te skryf. Dit sou verwarring uitskakel indien die taalwerklikheid in sodanige gevalle weerspieël word deur die betrokke voorbeeldmateriaal na 'n aanloop weer te gee, byvoorbeeld: ■ Ook, verouderd, *mini-drag*. Ten opsigte van *minibustaxi* blyk dit egter dat daar 'n gebrek aan goeie voorbeeldmateriaal was en daar toe van 'n sitaat met 'n afwykende spelwyse gebruik gemaak is. In sulke gevalle sou die WAT waarskynlik beter vaar deur die spelling stilswyend te wysig.

Indien die spelwyse met 'n koppelteken by 'n bepaalde vorm 'n bereëlde alternatief is, kan dit in die lemmaveld vermeld word soos in die geval van items wat met 'n hoof- of 'n kleinletter gespel word: (*ook met 'n koppelteken* ekonomieseklas-passasier). Frekwensie behoort te bepaal watter vorm gelemmatiseer word. Indien *ekonomieseklas-passasier* die frekwentste voorkom en gelemmatiseer word, word die vaste spelwyse in die lemmaveld vermeld: (*ook vasgeskryf* ekonomieseklaspassasier).

### 3.6 Los- en vasskryf van woorde

Gouws (1996) wys daarop dat volgens die 1991-uitgawe van die AWS adjektiwiese woordgroepe van die tipe *kop teen kop botsing* sonder koppeltekens geskryf moet word. Deel X gee egter voorbeelde soos *man-tot-man-opleiding.* Die AWS bepaal ook dat verbindings wat bestaan uit voornaamwoorde en die versterkende element *self* los of vas geskryf kan word. Die WAT gee egter by *myself* slegs een vorm, nl. dié wat vas geskryf word.

Dit wil voorkom asof die WAT in gevalle soos die bogenoemde ook streng by sy deskriptiewe aard hou deur slegs te weerspieël wat in die voorbeeldmateriaal voorkom. Hierdie beginsel kan verwarring by die gebruiker skep, veral wanneer dit die WAT in botsing met 'n spel*reël* bring, en nie slegs met die spelling van 'n bepaalde item in die woordelys nie. Daar word egter in Deel XI

by *onsself* aangetoon dat dit ook los geskryf kan word, nl. *ons self*. Die WAT moet voortgaan om in soortgelyke gevalle 'n groter mate van buigsaamheid aan die dag te lê.

### 4. Slot

Sommige van die voorstelle hierbo ten opsigte van die kritici se besware, is reeds deur die redaksie aanvaar is en sal in WAT XII geïmplementeer word. Ander voorstelle in geldige kritiek van resensente sal hopelik ook tot veranderinge in die WAT lei sodat die wisselwerking tussen teorie en praktyk dinamies kan bly en die woordeboek steeds die stand van die metaleksikografie sal weerspieël.

## Geraadpleegde bronne


**Burnett, L.S.** 1979. Lexicographical Problems in the Treatment of some Linguistic Terms in a *Supplement* to the *OED*. *ITL Review of Applied Linguistics* 45/46: 19-24.

**Feinauer, I.** 1993. Die agste deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 33(4): 286-298.

**Feinauer, I.** 1996. Die negende deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Lexikos* 6: 233-271.

**Gouws, R.H.** 1985. Die sewende deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Standpunte* 38(4): 13-25, Augustus.

**Gouws, R.H.** 1989. *Leksikografie*. Kaapstad: Academica.

**Gouws, R.H.** 1991. Resensie van Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (Reds.): *Wörterbücher: Ein internationales Handbuch zur Lexikographie/Dictionaries: An International Encyclopedia of Lexicography/Dictionnaires: Encyclopédie internationale de lexicographie*. Berlyn: W. de Gruyter, 1989–1991. *Lexicographica* 7: 268-290.

**Gouws, R.H.** 1994. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Deel IX*. Bespreking gelewer op die SAUK-radioprogram *Skrywers en Boeke*.

**Gouws, R.H.** 1996. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Deel X*. Bespreking gelewer op die SAUK-radioprogram *Skrywers en Boeke*.

**Gouws, R.H.** 1999. Mediostructural Representation, Textual Condensation and User-orientation in the *WAT X*. *Lexicographica* 15: 4-37.

**Lombard, F.J.** 1992. Voorbeeldmateriaal in woordeboeke. *Lexikos* 2: 148-164.

**Lombard, F.J.** 2002. Onderhoud, Stellenbosch, 12 Junie.

**Odendal, F.F. en R.H. Gouws (Reds.).** 2000. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Midrand: Perskor.

**Rademeyer, L.** 1993. Funksies van voorbeeldmateriaal in eentalige woordeboeke. *Lexikos* 3: 205-214.

**Taalkommissie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.** 2002[9]. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Kaapstad: Pharos.

**Van Schalkwyk, D.J.** 2002. Onderhoud, Stellenbosch, 12 Junie.